

Die Vervulling van die Wet

Inleiding

Mattheüs 5:17-18 word gewoonlik aangehaal om Ou Testamentiese wetsonderhouding te regverdig:

*“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan **totdat alles vervul is nie**” (My beklemtoning).*

Die betekenis van die stelling *“totdat alles vervul is”* werp meer lig op wat die vervulling van die wet beteken. Wat is die “alles” wat eers moes gebeur voordat die wet vervul kon word? Ten tye van Jesus se woorde in **Mattheüs 5:17-18** was die kruisiging, die opstanding, die hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees nog deel van die “alles” wat nog moes plaasvind voordat die wet kon verbygaan.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Jesus aan die Emmausgangers moes verduidelik wat die “alles” was wat die profete in die Ou Testament oor Hom geskryf het:

*“En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in **al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het**” (Luk. 24:27, my beklemtoning).*

In kort beteken **Mattheüs 5:7-18** dat alles wat in die Wet en die Profete oor Jesus Christus geskrywe is, sou bly staan totdat dit met die kruisiging, die dood en die opstanding van Jesus Christus vervul sou word. Jesus was die realiteit waarna die skadubeelde van die Ou Testament gewys het. In hierdie skrifgedeelte sê Jesus nie dat Hy gekom het sodat die wet onderhou moes word nie; Hy het gesê dat Hy gekom het om dit te vervul –

*“En Hy het die twaalf by Hom geneem en vir hulle gesê: Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en alles wat deur die profete geskrywe is, **sal aan die Seun van die mens vervul word**” (Luk. 18:31, my klem).*

Hoe het Jesus die wet vervul ?

Die Griekse woord vir “vervul”, **pleróo**, word so deur *The Complete Word Study Dictionary* verduidelik:

“...to fill out, complete, make perfect, accomplish an end” –

“Vervul” beteken dus nie om die wet tot niet te maak nie, maar om ’n voller betekenis daaraan te gee.

Met Sy sterwe het Jesus uitgeroep: *“Dit is volbring” (Joh. 19:30)*. Wat is volbring? – die doel waarvoor Hy aarde toe gekom het is volbring! Hy het versoening kom doen vir die sonde van die mensdom en die grondslag kom lê vir die nuwe bedeling van die Nuwe Testament.

Hierdie tyd waarin Jesus gekom het om die nuwe bedeling te kom vestig, word deur Paulus die “volheid van die tyd” genoem:

*“Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur, gebore uit ‘n vrou, gebore onder die wet, **om die wat onder die wet was, los te koop**, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang” (Gal. 4:4, my beklemtoning).*

Die Ou Testamentiese bedeling, wat ook die Wet en die Profete genoem word, sou voortduur “... tot op Johannes...” (Luk. 16:16), met ander woorde, tot en met die prediking van Johannes die Doper is Ou Testamentiese beginsels verkondig:

“Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig...(Luk. 16:16, my beklemtoning).

Ná die onthoofding van Johannes lees ons nie weer dat God deur ‘n Ou Testamentiese profeet praat nie. Dit word deur **Hebreërs 1:1** bevestig:

“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.”

Het die onthoofding van Johannes die Doper miskien simboliese betekenis in die sin dat dit die dood van die Ou Testamentiese era simboliseer? –

“Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4).

Die Belangrikheid van die uitstorting van die Heilige Gees

Jesus het voor Sy kruisiging aan Sy dissipels gesê dat hulle sekere dinge aangaande die Nuwe Testament eers na die uitstorting van die Heilige Gees sou verstaan:

*“Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar **wanneer Hy gekom het, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei...**” (Joh. 16:12-14, my beklemtoning).*

Dit wat hulle van die Heilige Gees geleer het, het hulle toe in die sendbriewe aan die gemeentes verduidelik. Een van die belangrikste openbaringe wat hulle ontvang het was aangaande die vervulling van die Wet. (Sien **Rom. 10:4. Gal. 3:23-25, Gal. 4:9-10, Kol. 2:14-17**):

*“Want Christus is **die einde van die wet** tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 10:4, My beklemtoning).*

*“Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof **wat geopenbaar sou word...** Maar nou dat die*

geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie... (Gal. 3:23-25, My beklemtoning).

"...deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooi wat in insettinge bestaan..." (Ef. 2:15, My beklemtoning).

Hoe het Jesus die Wet vervul?

Deur te kyk na wat Jesus verkondig het, word dit heel duidelik wat Hy bedoel het toe Hy gesê het dat Hy gekom het om die Wet te vervul. In die Bergpredikasie (**Matt. 5-7**) verwys Jesus keer op keer na wat die wet van Moses beveel en kontrasteer dit dan met wat Hý daarvoor te sê het. Ons sien hoe Hy elke keer die morele vereistes van die Ou Testamentiese wet met die veel hoër standaard van Sy leringe vervang. So is Jesus byvoorbeeld nie tevrede met die standaard van die gebod in **Exodus 20:14** wat verklaar dat jy nie mag egbreek nie en "vervul" dit deur te sê:

*"Julle het gehoor dat aan die mense van **die ou tyd** gesê is: Jy mag nie egbreek nie. **Maar Ek sê vir julle** dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het"* (**Matt. 5:27-28**, my beklemtoning).

Jesus veroordeel nie net die daad nie, maar die gesindheid nog voor die handeling plaasgevind het. In die Ou Testament moes daar eers getuienis teen egbrekers ingebring word voordat hulle gestenig kon word. Hierdie situasie kon lei tot 'n tipe moraliteit wat jy vandag nog onder mense kry; doen wat jy wil, maar moet net nie uitgevang word nie! Vergelyk wat Jesus ook met die sesde gebod doen:

*"Julle het gehoor dat aan die mense van **die ou tyd** gesê is: Jy mag nie doodslaan nie...(Ex. 20:13). **Maar Ek sê vir julle** dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur"* (**Matt. 5:21-22**, my beklemtoning).

Die Tien Gebooi veroordeel die uiterlike daad, maar Jesus stel 'n veel hoër vereiste. Hy veroordeel die gesindheid, of die daad nou plaasgevind het of nie. Die morele standaard van die wet word nie deur Jesus weerspreek of tot niet gemaak nie, maar word met hoër vereistes vervang. **Omdat Jesus nie tevrede is met gehoorsaamheid aan net 'n uiterlik stel wette nie, maar 'n sekere hartsgesindheid vereis, is geestelike wedergeboorte nodig sodat die krag van die inwonende Heilige Gees n mens in staat kan stel om uit te leef wat Hy verwag (Gal. 5:16).**

Die Vervulling van die Wet

Die Tien Gebooi

1. Geen ander gode (**Eks.20:3**).

Die Nuwe Testament

1. "Ek is die Weg...(Joh. 14:6). "...geen ander naam... waardeur ons gered moet word nie"" (**Hand. 4:12**)

2. Geen gesnede beeld (**Eks. 20:4**). 2. Die beeld van God mag nie verander word na die gelykenis van iets in die natuur nie (**Rom. 1:22-25**).
3. Die Naam van God mag nie ydellik gebruik word nie (**Eks. 20:7**). 3. Moet van elke ydele woord rekenskap gee (**Matt. 12:36**).
4. Sabbat, rus een dag uit sewe 4. Sabbat, skadubeeld van rus in Christus (**Heb. 4:10, Joh. 6:28-29**).
5. Eer ouers (**Eks. 20:12**). 5. Nie net kinders word aangespreek nie, maar ook ouers (**Ef. 6:1-4**).
6. Mag nie doodslaan nie (**Eks. 20:13**). 6. Sal verantwoording moet doen vir elke kwaadwillige gesindheid (**Matt. 5:22**).
7. Mag nie egbreek nie (**Eks. 20:14**). 7. Deur net met begeerte te kyk, word reeds oortree (**Matt. 5:28**).
8. Jy mag nie steel nie (**Eks. 20:15**). 8. Moet nie net ophou steel nie, maar moet ook produktief wees om te kan deel (**Ef. 4:28**).
9. Mag nie valse getuienis gee nie (**Eks. 20:16**). 9. Jou ja moet ja wees (**Matt. 5:33-37**).
10. Mag nie begeer nie (**Eks. 20:17**). 10. Gedrag moet vry van gierigheid wees (**Heb. 13:5, 1 Tim. 6:6-10**).

Slotsom

Ons sien dus dat elkeen van die bepalings van die Tien Gebooie deur die leringe van Jesus en die apostels tot 'n veel hoër morele standaard verhef word. Die leringe van die Nuwe Testament is nie net mooi voorstelle nie, maar gesaghebbende uitsprake wat die gedrag van die volgelinge van Jesus behoort te bepaal.

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com